

Dinsdag 11 Januarie 2022

Skrifgedeelte: Jeremia 30:1- 24; NGB Art. 3, 7

Fokusgedeelte: Jeremia 30:2; NGB Art. 3, 7

Die belofte van verlossing geboekstaaf

“Die Here het vir my gesê ...” so hoor ’n mens soms iemand sê. Ons bely daarteenoor dat die “Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word” (NGB Art. 7).

Jeremia maak daarop aanspraak dat die Here, die God van Israel, hom opdrag gegee het om al die woorde wat Hy met hom gepraat het, in ’n boek te skryf (Jer. 30:2). Sy aanspraak verskil van die mense van ons tyd s’n. Hy was een van die profete wat God “deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid” beveel het “om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel” (NGB Art. 3).

Die rede vir hierdie opdrag was dat Jeremia in Jerusalem was en dat die boodskap ook bedoel was vir die Judeërs wat reeds in die vreemde in ballingskap was (vgl. Jer. 29:1). Daar het hulle die las van slawerny soos trekdier met die juk op die skouers gedra. Die Here, die Almagtige, bepaal die toekoms. In Jeremia 30:8 het Hy beloof dat Hy op ’n dag die juk van Babel, die vyand van sy volk, sou afgooi. Hy sou sy volk bevry. Hierdie belofte sou eers veel later vervul word.

Natuurlik het die Here Jeremia deur sy Gees daartoe gedring om dit op te teken ter wille van ons, gelowiges in die tydvak van die Nuwe Testament. Die bevryding uit die ballingskap wat God in Jeremia 30 beloof het, was ’n voorspel tot die groot bevryding uit die mag van die sonde wat God deur Christus bewerk het. Hy bewerk steeds die bevryding van iemand wat in die slawebande van die sonde vasgevang sit. Hy maak vry, Hy verlos. Hy doen dit in en deur sy Seun. Dit is die groot belofte van verlossing.

Sing: Psalm 119-2:16 / Psalm 119-1:33

Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)